Mensehulpbronkenner vereer

Dr. Louise van Rhyn, uitvoerende hoof van Symphonia Leadership Development, is vir haar leierskap op die gebied van mensehulpbronontwikkeling vereer op die onlangse internasionale kongres vir dié bedryf in Moembaai, Indië.

Volgens Van Rhyn is dit kommerwekkend dat baie mense se volle vermoë nie in hul werk benut word nie. Gevolglik geniet hulle dan ook nie hul werk nie.

Sy sê mensehulpbronbestuurders raam dat dit die geval by meer as 80% van alle Suid-Afrikaanse werknemers is.

"Dit pla my dat dit nie juis lyk of mense bekommerd hieroor is nie, terwyl dit 'n belangrike fokuspunt behoort te wees in 'n tyd van ekonomiese druk soos wat ons tans beleef," sê sy in 'n verklaring. – **Carin Smith**